



Ons finansiële kapitaal

Die bronne van ons finansiële kapitaal is staatsbefondsing, skuld en toelaes, sowel as inkomste wat gegenereer word deur ons bedrywighede en beleggings. Ons gebruik hierdie kapitaal om dienste te lewer en om ons infrastruktuur in stand te hou en te verbeter sodat ons waarde kan skep vir die NWU en ons belanghebbers.

Die bestuur van ons inkomste en besteding, soos uitgedruk in ons jaarlikse begroting, is die sleutel tot die gesondheid en stabiliteit van ons finansiële omgewing, wat 'n voorvereiste is vir die bereiking van ons strategiese doelwitte as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid.

Belanghebbers wat sal voordeel trek

Al ons belanghebbers word bevoordeel as die NWU se finansiële kapitaal sterk is. Finansiële stabiliteit stel ons in staat om ons klasgeld binne die bereik van ons huidige en toekomstige studente en hul gesinne te hou. Dit sal ons ook in staat stel om regverdige vergoeding vir ons personeel te bekostig en ons donateurs en die DHOO gerus te stel dat ons hul donasies en befondsing wys bestee en die nasionale prioriteite vir hoër onderwys dien.

Wesenlike aangeleenthede (doelwitte of instaatstellers)

Alhoewel Instaatsteller 4 (finansiële stabiliteit) die hoofokus is, is al ons doelwitte en ander instaatstellers ook betrokke, aangesien ons geld benodig om dit te bereik en te implementeer.



Risiko's om te oorweeg

Die vernaamste risiko's is onsekerhede in die hoëronderwyssektor (soos die strewe na die regulering van kostes), en die eise vir organisatoriese verandering (soos gratis onderwys, wat sal lei tot groter afhanklikheid van staatsbefondsing).

Die ander grootste risiko's in ons risikoregister is ook geïmpliseer, aangesien ons geld benodig vir al die gepaardgaande aktiwiteite. (Dit is die risiko's wat verband hou met akademiese aangeleenthede, voldoening – byvoorbeeld aan finansiële wette en regulasies – risiko's met betrekking tot die studente, IT-risiko's, kommersialisering en bedryfsrisiko's.)

Wesenlike aangeleentheid:

Verseker die finansiële volhoubaarheid van die NWU



Om die NWU se langtermyn finansiële volhoubaarheid te verseker, moet ons ons hulpbronne só versprei dat dit ons kernbesigheidstrategie ondersteun.

Ons begrotingstaakspan het 'n gelykbreekbegroting op kontantvloebasis opgestel. Die begroting vir 2020 is gevorm deur die realistiese voorspelling van inkomste, wat 'n aanduiding gee van die uitgawes wat ons kan "bekostig". Dit beteken dat ons noulettend aandag gegee het aan die berekening van die sleutelbronne van inkomste, met inagneming van al die nuutste, mees relevante inligting wat beskikbaar is.

As 'n riglyn vir finansiële volhoubaarheid om die NWU na die ideale kombinasie van inkomste en uitgawes te stuur, het ons vooraf bepaalde verhoudings gebruik (uitgawes gemeet as 'n persentasie van die kernbesigheidsinkomste). Die 2019 begrote onkosteverhouding is gebruik as basis vir die 2020-begroting. Die resultaat van die inkomsteberekening het 'n aanduiding gegee van die aanpassing wat nodig is met betrekking tot die 2020-begroting. Vervolgens het ons 'n driejaarvoorspelling gedoen gebaseer op dieselfde beginsels en sekere aannames.

Die volgende verhoudinge het as riglyne gedien:

- Personeelkoste as 'n persentasie van inkomste
- Bedryfskoste as 'n persentasie van inkomste
- Kapitaalkoste as 'n persentasie van inkomste

Die Covid-19-pandemie was 'n gebeurtenis waarvoor die 2020-begroting nie kon voorsiening maak nie. In die volgende paragrawe verduidelik ons ons strategie om die finansiële impak van die Covid-19-pandemie gedurende 2020 en in die jare daarna te bestuur (medium termyn).

Hoe ons die finansiële impak van die Covid-19-pandemie bestuur het

Die volle finansiële impak van die Covid-19-pandemie vir die NWU en die sektor, sowel as Suid-Afrika, is steeds onbekend. Finansiële verliese sal onvermydelik wees en daarom het ons 'n oordeelkundige benadering gevolg wat behels dat verskillende scenario's saamgestel is op grond van finansiële risikofaktore met verskillende aannames. Die doel is om die moontlike finansiële impak te bepaal en 'n verligtingsplan op te stel om finansiële volhoubaarheid op medium tot lang termyn te verseker.

Ons versigtige wag-en-sien-benadering is ook buigsaam en verseker dat ons die nuutste inligting gebruik om besluite te neem. Ons werk voortdurend ons finansiële impakmodel en verligtingsplan by soos wat meer inligting beskikbaar word, en gebruik die model as basis om besluitneming te lei, wat op- of afgeskaal kan word.

Ons gaan uit van die standpunt dat ons:


- die onbekende moet bestuur.
- die afstandsonderrigmodus moet ondersteun om enige moontlike negatiewe impak op die deurvloeijsyfer te verminder, studente in staat moet stel om die akademiese jaar suksesvol te voltooi, en dat ons studente moet behou.
- permanente en vastetermynaanstellings en salarisse moet behou, ook op die medium tot lang termyn.

In die volgende afdelings verduidelik ons hoe ons in 2020 ons strategiese inisiatiewe befonds het en ons fondse toegewys het om ons doelwitte te bereik en ons instaatstellers te implementeer.

Hoe ons beplan om ons strategiese inisiatiewe te finansier

Die strategiese fonds word gebruik om in ons strategie te belê en om te verseker dat alle aktiwiteite en hulpbronne belyn is met die strategie en suksesmodel van die universiteit. Die fonds word dus gebruik om fondse toe te wys vir spesifiek geïdentifiseerde strategiese projekte. Tydens die begrotingsproses vra die bestuurders fondse aan vir hierdie projekte, en die Universiteitsbestuurskomitee gee goedkeuring vir die toewysing van strategiese fondse.

Strategiese fondse toegewys per doelwit/instaatsteller



Strategiese projekte per doelwit/instaatsteller

Onderrig en leer

Doelwit 1:

Bevorder uitnemende leer en onderrig en herposisioneer die NWU sodat dit die grootte en vorm kan bereik wat deur markrigtingbesluite vereis word.

- Voortsetting van Mediese Skool-projek
- SA Raad vir Mensepraktyke-akkrediteringsprojek
- Eerstegenerasie-studieprojek
- Transformasie van leerruimtes-projek
- Werkgeïntegreerde leer en diensleerbestuursprojek

Doelwit

01



Navorsing en innovasie

Doelwit 2:

Intensiveer navorsing en innovasie.

- Inrig van nuwe varkboerdery-eenheid
- Saadbefondsing vir navorsingsmiddelpunt op Mahikengkampus
- PhD-hersiening

Doelwit

02



Studente

Doelwit 4:

Ontwikkel 'n duidelik gedifferensieerde studentwaardeproposisie.

- Handelsmerkvernuwing van NWU-sportspanne

Doelwit

04



Verbeterde tegnologie

Instaatsteller 2:

Ontwikkel inligtings- en kommunikasietegnologie wat die beste in sy klas is, om die kernbesigheid te ondersteun.

- Ontwikkel 'n Digitale Besigheidstrategie (DBS)
- Vestig die VGDO-argitektuur

Instaatsteller

02



Finansiële volhoubaarheid

Instaatsteller 4:

Verseker die finansiële volhoubaarheid van die NWU.

- Personeel- en besigheidsontwikkeling in die Fakulteit Ingenieurswese
- Implementeer die aanlyn ondernemingstrategie van die Eenheid vir Voortgesette Onderwys

Instaatsteller

04



In die nabye toekoms: geleenthede en uitdagings met betrekking tot ons strategie

In reaksie op #Feesmustfall is die jaarlikse algemene klasgeldverhoging soos versoek deur die DHOO (sedert 2015) gebaseer op die verbruikersprysindeks (VPI). Die VPI-koers is nie verteenwoordigend van die kostestying wat nodig is om 'n universiteit te bedryf nie, en ons beskou die sogenaamde Hoërondwysprysindeks (HOPI) as 'n beter maatstaf.

Universiteite worstel ook met 'n reële tekort in die historiese subsidieverhoging. Hierdie tekort neem steeds toe omdat subsidiestrygings nou al verskeie jare lank minder as hoërondwysinflasie is. Universiteite sal hul uitgawes moet aanpas by prysveranderings (soos bereken deur die HOPI) as hulle dieselfde kwaliteit en uitset wil handhaaf.

Volumeveranderings gebaseer op die sogenaamde volume-indeks vir hoër onderwys moet egter ook in ag geneem word by die beraming van die totale begrotingsvereistes, wat 'n hoër onderwysbegrotingsindeks tot gevolg het. Die Buro vir Ekonomiese Navorsing se ontleding van die 2017-2019-datastel het bevind dat die koste van hoër onderwys destyds hoër as oorkoepelende inflasie was.

Die finansiële impak van die Covid-19-pandemie op kort en medium termyn kan gevoeg word by die uitdagings wat ons nou en in die afsienbare toekoms in die gesig staar.

Die moontlike impak van risikofaktore wat ons as deel van ons finansiële impakmodel beskou het, sluit in 'n laer bloktoekenningsubsidie as gevolg van verminderde uitsette in 2020, 'n laer bloktoekenning en geoormerkte befondsing wat aan universiteite beskikbaar is weens die regering se finansiële probleme, die globale ekonomiese afswaai, ens. Dit is in die

deurlopende begroting vir 2021-2023 ingereken as deel van die plan om toekomstige finansiële volhoubaarheid te verseker.

Daar is egter 'n perk op wat universiteite kan bereik sonder 'n volhoubare nasionale befondsingsmodel. Ons siening is dat die NSFAS-model ook nie volhoubaar is nie en dat die model weens die aansienlike toename in die aantal studente wat vir NSFAS kwalifiseer 'n volhoubaarheidsrisiko vir die hoërondwyssektor inhou.

Vooruitsig: hoe om finansiële stabiliteit te handhaaf

Die befondsing van hoër onderwys en die tot dusver onbekende finansiële impak van die pandemie het implikasies vir hoe ons te werk gaan om ons gesonde finansiële posisie te handhaaf.

Ons sal ons moet toespits op die diversifisering en optimalisering van ons geldstrome, die verbetering van die doeltreffendheid en effektiwiteit van bedryfskoste, die optimalisering van infrastruktuurgebruik en die bestuur van ons verligtingsplan en kontant met die grootste sorg; die hoër onderwys en NSFAS se befondsingsmodel sal ook hersien moet word.

Indien nie, kan die finansiële volhoubaarheid van openbare hoërondwysinstansies dermate in gedrang kom dat sommige universiteite hul mededingende voordeel in die mark kan kwytmaak, sowel as hul vermoë om by te dra tot die vaardighede en kennisekonomie van Suid-Afrika.

Om te voorkom dat dit by die NWU gebeur, is ons van voorneme om aktief deel te neem aan die modellering van die toekomstige befondsingsontwerp. Ons bly daartoe verbind om met die DHOO saam te werk om 'n goed funksionerende en volhoubare NWU te verseker, maar ook om die stabiliteit en volhoubaarheid van die Suid-Afrikaanse hoërondwyssektor te help beskerm.



“Ons is daartoe verbind om finansiële stabiliteit te handhaaf, en daarom sal dit toenemend belangrik raak om ons eie inkomste te genereer, aktiwiteite te heroorweeg wat nie finansiële lewensvatbaar is nie en te fokus op gedissiplineerde koste.”



RAADSVERKLARING OOR LENINGS

Die NWU het nie enige nuwe langtermynleningsooreenkomste aangegaan in 2020 nie.

Verklaring op 17 Julie 2021 deur die Raad goedgekeur.





Finansiële oorsig

Dit is die verslag van die voorsitter van die Finansiële Komitee en die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite.

Die doel van hierdie verslag is om 'n opsomming aan te bied van ons finansiële resultate vir 2020 en om inligting te verskaf oor die volgende:

- Begrotings- en begrotingsbeheerprosesse
- Oorsig van finansiële prestasies

Begrotings- en begrotingsbeheerprosesse

Die Finansiële Komitee van die Raad het die begrotingsproses en tydskedule vir die 2020 begroting in Mei 2019 goedgekeur.

Ons het van 'n interaktiewe begrotingsproses gebruik gemaak. Alle bestuursvlakke het aktief deelgeneem aan die opstel van die begroting (per beplande aktiwiteit) vir die volgende jaar en het eienaarskap van die proses geneem. Waar moontlik is nulgebaseerde begrotingsbeginsels toegepas.

Die vernaamste fokus van elke uitvoerende portefeulje tydens die begrotingsproses was om die koste van hul jaarlikse prestasieplan vir 2020 te bereken en sodoende 'n R-waarde aan hul plan te koppel. Hierdie plan moes belynd word met die bestuurders se portefeuljestrategieë, die NWU-strategie en die NWU se Jaarlikse Prestasieplan (JPP).

Begrotingsbesprekings is op verskeie bestuursvlakke gevoer. Uitvoerende bestuurders het ook die geleentheid gehad om hul portefeuljebegroting met die begrotingskomiteetaakspan te bespreek. Dit het verseker dat die gedetailleerde begrotings in lyn was met die NWU-strategie en dat bestuurders aandag gegee het aan billike hulpbronnvoorsiening. Dit het ons ook in staat gestel om moontlike risiko's en bekommernisse te identifiseer.

Die hoëvlakbegroting, met inagneming van die goedgekeurde JPP, die lewensvatbaarheids- en volhoubaarheidsaanduiders en ander beskikbare finansiële inligting, is tydens die begrotingsproses as begrotingsraamwerk gebruik.

Finansiële verslag

Klik [hier](#) vir die volledige finansiële verslag.



Finansiële oorsig: Gevolgtrekking

Met betrekking tot die universiteit as 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (met inbegrip van gemeenskapsdiens) het die NWU weereens wesenlike waarde tot die ekonomie toegevoeg, en sy finansiële doelwitte gehaal. In hierdie verband kan die volgende uitgelig word:

- Die NWU bied steeds bekostigbare hoër onderwys.
- 15 454 studente het grade en diplomas ontvang gedurende 2020.
- Die universiteit bly daartoe verbind om akademiese prestasie te ondersteun en te verbeter, en beurse ten bedrae van R211,0 miljoen is uit eie fondse aan studente toegeken.
- In 2020 het die NWU se Finansiëlehulpkantore R2,4 miljard se beursfondse geadministreer.
- Studenteondersteuning is tydens Covid-19 verbeter deur 3 534 skootrekenaars ter waarde van R19,8 miljoen aan kwalifiserende studente te verskaf.
- 27 021 studente het data ter waarde van R12,4 miljoen ontvang sodat hulle hul studies aanlyn kon voortsit en die akademiese jaar suksesvol kon voltooi.
- Die druk van studiemateriaal en koerieruitgawes het R18,0 miljoen beloop om studente in moeilike Covid-19-omstandighede by te staan.
- 64 180 gesigsmaskers is aan ons studente verskaf om hul gesondheid te beskerm en om aan die protokol te voldoen.
- Koshuisgeld van R25,0 miljoen is terugbetaal aan kwalifiserende studente om te vergoed vir akkommodasie wat nie tydens die inperkingstyd gebruik is nie.
- Die kontantvloeiëbelegging in eiendom, aanleg en toerusting beloop R210,1 miljoen (2019: R398,5 miljoen en 2018: R179,5 miljoen), wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan DHOO-infrastruktuur- en doeltreffendheidsbefondsing. (Nie alle projekte is voltooi nie, wat tot gevolg gehad het dat makro-onderhoud na 2021 oorgedra is.) Totale bates het met 23,0% toegeneem (2019: 21,9% en 2018: 23,8%). Dit is egter minder as wat beplan is, omdat 111 dae verlore gegaan het op boupersele weens die Covid-19-inperking.
- Die toename in die beskikbare reserwes tot 57,1% van die totale ekwiteit vanaf 'n baie lae basis aan die einde van 2014 (hoewel sommige uitgawes teenoor hierdie reserwe verwaag kan word soos hierbo verduidelik).

- Die handhawing van 'n gesonde solvensiestand en optimale likiditeitsvlakke gedurende die 2020 finansiële jaar ten einde te verseker dat die NWU 'n lopende saak bly.

Die Raad en bestuur is saam daartoe verbind om die NWU op so 'n wyse te bestuur dat die gesonde finansiële stand in 2021 gehandhaaf sal word, sowel as op die medium en lang termyn. Daar moet daarop gewys word dat ons twee grootste inkomstebronne, naamlik staatsubsidie en klasgeldverwante inkomste van 77,3% van die omset (2018: 73,6% en 2018: 75,3%), weereens toegeneem het in 2020 – wat ons afhanklikheid van hierdie eerstegeldstroomfondse benadruk.

Die aantal studente wat deur NSFAS befonds word, het toegeneem vanaf 4 837 in 2015 tot 22 280 in 2020, wat bydra tot die afhanklikheid van staatsbefondsing. Derdegeldstroominkomste het jaar op jaar gedaal as 'n persentasie van totale inkomste, wat druk plaas op die lewensvatbaarheid van die universiteit.

Die grootste uitdaging vir die NWU en die hoërondewyssektor in die komende maande of selfs jare is die suksesvolle bestuur van die volgehoue onsekerhede wat die Covid-19-pandemie meebring en om aan te pas by vinnig veranderende omstandighede.

Die moontlike finansiële impak sal ongetwyfeld op medium tot lang termyn beduidend wees, en alle hulpbronne moet met groot omsigtigheid aangewend word. Verdere druk sal beslis bygevoeg word deur die verswakte Suid-Afrikaanse ekonomie en toestande soos ervaar deur ander sektore en individue wat ook deur die koronavirus geraak word, wat die universiteit op baie maniere sal beïnvloed.

Die bestuur en die Raad is van mening dat die finansiële resultate van die afgelope paar jaar die basis bied vir gesonde besluitneming in hierdie moeilike tyd om die NWU en alle belanghebbers op 'n volhoubare wyse deur hierdie moeilike situasie te stuur.

